

**SKRIFGEDEELTE: 1 KRONIEKE 2:3-15 (NAV)**

**FOKUSGEDEELTE: 1 KRONIEKE 2:5, 9 (NAV)**

### **Gesron – God is in beheer deur die geslagte**

Gesron is net nog 'n naam in een van die vele lange geslagsregisters in die Bybel. Ons weet nie eintlik veel van hom nie, behalwe dat hy iemand se seun, se man en pa was.

Hy was die oudste seun van Peres en die kleinseun van Juda en Tamar. Hy was meer as een keer getroud, onder ander was hy getroud met Efrata, die dogter van Makir, die voorvader van Gilead. Hy het vier seuns gehad, waarvan Jeragmeël die oudste was, daarna Ram, Kaleb en Segub. Segub, sy jongste seun, is vir hom gebore toe hy 60 jaar oud was, deur Efrata, die dogter van Makir.

Uit die Skrifgedeelte is dit duidelik dat Gesron die nageslag van Juda is, terwyl Juda die nageslag van Abraham is, met wie God 'n verbond gesluit het (vlg. Gen. 15:1-21) en vir hom 'n groot nageslag belowe het. So wys hierdie geslagregister, die opeenvolging van die een vreemde naam na die ander, hoe die beloftes aan Abraham, Isak en Jakob deur die Here nagekom is.

Hierdie belofte wat God aan Abraham gemaak het, stop nie by Gesron nie, maar gaan voort tot by koning Dawid en nog verder. So is Gesron die voorgeslag van Dawid en Dawid is die voorgeslag van Jesus Christus (vlg. Matt. 1:1-17), die Messias. Hy is die vervulling van die verbond, wat gekom het om die slang se kop te vermorsel en so al God se kinders deur die geslagte weer met God te versoen as 'n verbondsgeslag en 'n verbondsvolk.

Gesron vorm so 'n deel uit van die nageslag van Abraham en die voorgeslag van Jesus Christus. So strek die verbondsgeslag van Abraham oor Gesron oor Dawid tot by Jesus. Eintlik strek hierdie geslagslys veel verder: Dit sluit jou en my in, want wie in Jesus glo, God as Vader het en die Heilige Gees se werking ervaar, is deel van Jesus se geslag. Deur die geloof word ons ook aan al die name in die geslagsregister gebind. So het Abraham, Gesron en Dawid ook ons voorvaders geword. Deur hulle ontdek ons ons identiteit as gelowiges. Deur hulle weet ons wie ons is, hoe ons moet leef en waarheen ons op pad is.

Ons moet aanhou glo, want God is in beheer. Hy weet waar ons inpas. Hy weet wat Hy met ons lewe wil doen. Hy beskerm elke geslag opnuut en lei ons om sy verbondsvolk op aarde te wees. Hy werk steeds deur die eeuue heen in die lewens van mense en volkere, en daarom kan ons wat aan Hom behoort, glo en vertrou dat Hy ook vandag by ons sal wees.

So kan ons vandag nog uit sekerheid lewe dat ons aan God die Koning behoort en dat nikks ons ooit uit sy hand sal ruk nie.

*Sing: Psalm 105:5 (1936)*

*Ds. P (Pierre) Cilliers (Daniëlskuil/Delportshoop/Duineveld)*